AANHANGSEL G

REGISTER TEN OPSIGTE VAN AANSOEKE VIR VERPLIGTE MIV-TOETSE

Die volgende inligting in verband met elke aansoek vir 'n MIV-toets moet aangeteken word:

(a) Die MAS/MR-nommer;
(b) Die datum van die aansoek;
(c) die volle name, geboortedatum, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede van die slagoffer;
(d) indien die aansoek gebring is deur 'n belanghebbende persoon wat namens die slagoffer optree, die volle name, geboortedatum, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede van daardie belanghebbende persoon en die verhouding tussen die slagoffer en die belanghebbende persoon;
(e) die volle name, geboortedatum, identiteitsnommer, adres en kontakbesonderhede van die beweerde oortreder;
(f) volledige besonderhede van die beweerde seksuele misdryf;
(g) die datum waarop die bevel vir die MIV-toetsing gemaak is;
(h) of die aansoek deur die landdros toegestaan of van die hand gewys is;
(i) of 'n lasbrief vir arrestasie uitgereik is;
(j) die landdroshof en besonderhede van die landdros wat die aansoek oorweeg het;
(k) indien die aansoek toegestaan is, die datum waarop en naam van die gesondheidsinstelling waar die bevel uitgevoer is; en
(l) waar die verseëlde rekord gehou word van die toetsuitslae van sake waarin 'n ondersoekbeampte aansoek gedoen het.